# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

GAUTENG PROVINCIAL GOVERNMENT

## FEBRUARIE / MAART

## 2007

## AFRIKAANS PRIMÊRE/EERSTE TAAL

**HG**

Tweede Vraestel

Literatuurstudie

**101-1/2**

AFRIKAANS PRIMERE/EERSTE TAAL HG: Vraestel 2

101 1 2 HG

31 bladsye

KOPIEREG VOORBEHOU
GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL HG**
**(Tweede Vraestel: Literatuurstudie)**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 100**

---

**INSTRUKSIES:**

Lees asseblief die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat jy begin skryf:

- Moenie probeer om deur die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE en merk die vrae wat van toepassing is op die voorgeskrewe werke wat jy bestudeer het.
- Moenie die lengte-instruksies by opstelvrae verontagsaam nie.
- Jy moet VYF vrae in totaal beantwoord.
- Gebruik die puntetoekenning as aanduiding van die verwagte lengte van antwoorde op kontekstuele vrae.
- Spasieer asseblief die kontekstuele vrae se antwoorde deur in die middel van die bladsy te nommer.
- Nommer jou antwoorde in ooreenstemming met die vraagnommers.
- Netjiese en geordende werk sal in jou guns tel.

---

**INHOUDSOPGAWE**

Jy moet 'n totaal van VYF vrae vir 100 punte beantwoord.

- Drie gedigte (Een onvoorbereide gedig en twee voorbereide gedigte) (40)
- Een dramavraag (30)
- Een prosavraag (30)

**[100]**

## AFDELING A
### ONVOORBEREIDE GEDIG
### VERPLIGTEND

Beantwoord óf die kontekstuele vrae (Vraag 1) óf die paragraaftipe vraag (Vraag 2).

| | | Bladsy | |
|---|---|---|---|
| VRAAG 1 | *Groet* (Carol Clarke) | 5 | (10) |
| VRAAG 2 | *Vaderkrismis* (Eveleen Castelyn) | 6 | (10) |
| | | | **(10)** |

**EN**

### VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord enige TWEE vrae van jou keuse uit die volgende voorgeskrewe gedigte.

| | | Bladsy | |
|---|---|---|---|
| VRAAG 3 | *Troetelwoorde vir Ogilvie Douglas* (Marlene van Niekerk) | 7 | (15) |
| VRAAG 4 | *Karoo-Dorp: Someraand* (N P van Wyk Louw) | 9 | (15) |
| VRAAG 5 | *Ballade vir die onwaarskynlike seun* (Antjie Krog) | 10 | (15) |
| VRAAG 6 | *Lied van die Kinders* (Linda Spies) | 12 | (15) |
| | | 2x15= | **(30)** |

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

## AFDELING B
### DRAMA (*DIE KEISER*)

- Beantwoord Vraag 7 (kontekstuele vrae) of Vraag 8 (paragraaftipe vrae). Indien jy in hierdie afdeling die kontekstuele vrae beantwoord, **móét** jy die langer tipe vraag in Afdeling C beantwoord.
- Hierdie afdeling tel 30 punte.

| | Bladsy |
|---|---|
| VRAAG 7 (Kontekstuele vrae) | 14 |
| VRAAG 8 (Paragraafvraag) | 16 |

**TOTAAL VIR AFDELING B: [30]**

## AFDELING C
### PROSA

- Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.
- Indien jy in Afdeling B die kontekstuele vrae (Vraag 7) beantwoord het, **móét** jy die langer tipe opdrag in Afdeling C beantwoord en andersom. Indien jy nie hierdie voorwaarde nakom nie, sal jy GEEN punte vir Afdeling C verdien nie.
- Dit is verder ook belangrik om die vraag te kies wat van toepassing is op die betrokke roman wat jy behandel het.

**KONTEKSTUELE VRAE**

| | | Bladsy | |
|---|---|---|---|
| VRAAG 9 | *Kringe in 'n Bos* (Dalene Matthee) | 18 | (30) |
| VRAAG 10 | *By Fakkellig* (Karel Schoeman) | 21 | (30) |
| VRAAG 11 | *Fiela se Kind* (Dalene Matthee) | 23 | (30) |
| VRAAG 12 | *Toorberg* (Etienne van Heerden) | 26 | (30) |

**OF**

**PARAGRAAFTIPE VRAE**

| | | Bladsy | |
|---|---|---|---|
| VRAAG 13 | *Kringe in 'n Bos* (Dalene Matthee) | 28 | (30) |
| VRAAG 14 | *By Fakkellig* (Karel Schoeman) | 29 | (30) |
| VRAAG 15 | *Fiela se Kind* (Dalene Matthee) | 30 | (30) |
| VRAAG 16 | *Toorberg* (Etienne van Heerden) | 31 | (30) |

**TOTAAL VIR AFDELING C: [30]**

**TOTAAL VIR DIE VRAESTEL: 100**

**KONTROLEER ASSEBLIEF:**

Jy moet 'n totaal van VYF vrae vir 100 punte beantwoord.

- 3 gedigte
- 1 dramavraag
- 1 prosavraag

EEN stel kontekstuele vrae en EEN paragraafvraag moet uit Afdeling B en C beantwoord word.

## AFDELING A
## POËSIE

### ONVOORBEREIDE GEDIG
### VERPLIGTEND

Beantwoord óf die kontekstuele vrae (Vraag 1) óf die paragraaftipe vraag (Vraag 2).

### VRAAG 1

Bestudeer die onderstaande gedig aandagtig en beantwoord die daaropvolgende vrae.

***Groet***

Dit is ons beurt,
die veearts wink.
Hadidas roep rou
anderkant die glas
van die wagkamer.

Ons maak jou halsband los,
ek haal dit af.
Hy neem die spuit . . .

Waarom
draai jy na my?

Gaan. Gaan dan!
Loop soek die haas,
die tarentaal
wat in die newel spook:

dié keer
moet jy alleen
die ruigtes in.

**Carol Clarke**
**Uit: *Woordreise*, Nasou via Afrika**

1.1 **Groet** (die titel) dui op afskeid. Waarom is die afskeid in hierdie gedig so finaal? (1)

1.2 Skryf TWEE opeenvolgende woorde uit die slotstrofe neer wat daarop dui dat die spreker se **getroue vriend** dikwels voorheen jag gemaak het op kleiner diertjies. (1)

1.3 Waarom beskou die spreker dit as **ons beurt** en nie **jou beurt** in r.1 nie? (1)

1.4 Waarvan kan **newel** ( r.14) en **ruigtes** (r.17) simbolies wees? (1)

1.5 Daar is 'n duidelike ontwikkeling van gebeure (progressie) in die eerste twee strofes sigbaar. Dui hierdie progressie aan deur drie **frases** uit dié deel neer te skryf. (3)

1.6 In r.9 – 10 wend die **jy** hom uit gewoonte na die spreker. Watter enkele woord in die slotstrofe suggereer dat die **jy** hierdie **jagtog** op sy eie sal moet aandurf? (1)

1.7 As leser moet jou simpatie iewers lê. Lê dit by die spreker of by die **jy**? Motiveer jou siening kortliks. (2)

**[10]**

**OF**

## VRAAG 2
## OPSTELVRAAG

Bestudeer die volgende gedig en beantwoord die vraag wat daarop volg.

***Vaderkrismis***

rekordverkope:
stillenag weergalm,
geldklokkies lui,
vaderkrismis op 'n vergulde stoel
in die O.K.-basaar, verleen
oudiënsie aan die kinders,
sweet van sy aanskyn
tap oor sy wang
op die wattesoom
van 'n rooi pousrok,
voetsole brand,
weerprofete bring die goeie
tyding: dit sneeu in Betlehem!

die Merrykrismiskind
is weer gebore
vir die bloedige fees
van silwerstukke en soene

**Eveleen Castelyn**
**Uit:** ***Senior Keur*.** **Tafelberg**

Hierdie gedig handel oor Kersfees. Christene vier deur die eeue heen Kersfees op 'n bepaalde manier en met 'n bepaalde doel. Eveleen Castelyn ironiseer die menslike Kersvieringe in hierdie gedig met die gevolg dat Kersfees 'n leë, oppervlakkige feesviering word; iets wat inderdaad waar is in die moderne samelewing. Skryf 'n goed beplande opstel van 180 – 200 woorde waarin jy aan die volgende aspekte aandag gee. Onthou om die gedig self deurgaans as uitgangspunt van jou bespreking te gebruik:

- Die tradisionele Kersfeesviering het gepaard gegaan met die uitdeel van geskenke. Waarom het mense geskenke aan mekaar gegee? Word dit nog gedoen?
- Verduidelik hoe Kersfeesvieringe volgens die gedig hand uit ruk.
- Daar is 'n paar Bybelse verwysings in die gedig wat 'n ironiese betekenis kry as dit gelees word. Verduidelik hierdie ironie en verwys veral na die volgende versreëls:

  r. 2, 6, 7 – 8, 16 – 17.

- Wie is volgens die gedig die hooffiguur tydens Kersfees? Huldig jy dieselfde standpunt of verskil jy van die gedig se siening? Motiveer indien jy dalk van die spreker in die gedig verskil. **[10]**

**EN**

**VOORGESKREWE POËSIE**

Beantwoord nou enige TWEE van die volgende vier voorgeskrewe gedigte. Lees die gedigte wat jy kies eers baie noukeurig deur voordat jy die vrae beantwoord.

**VRAAG 3**

Lees die onderstaande gedig ***Troetelwoorde vir Ogilvie Douglas*** noukeurig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

***Troetelwoorde vir Ogilvie Douglas***

*('n bosbouer van 'n nedersetting by Grabouw het op 'n reëndag met sy mongoolkind op sy skoot gesit)*

kyk oggeliefie druppeldou
jakkals trou met wolf se vrou
ag die stomme wêreld wou
dat jy my kind sou wees
my kind hier in ons eie dorp
agter die bosrug van grabouw
my droomoogkind
met jou oophangmond
wat kwyl
soos heuningdruppelsdou
kyk daar's druppels op jou mou
kyk daar's druppels teen die ruit
o oggeliefie douglas
elke druppel is 'n sonnetrou
dit reën

jou pa kan nie vandag
sy boom gaan kap
o nooit volprese God
wat ook oor wurms
wag moet hou
seën die oggeliefiekind van my
en my sy pa
en daar sy maltrapma
o oggeliefie druppeldou
o jakkals trou met wolf se vrou

**Marlene van Niekerk**
**Uit: *Sprokkelster*: Human en Rosseau**

3.1 In Afrikaans word daar gewoonlik kommas by aanspreekvorme gebruik. Herskryf nou r.1 en voeg die kommas op die korrekte plekke in, sodat die reël taalkundig korrek lees. (1)

3.2 Skryf 'n bekende Afrikaanse idioom uit die gedig neer en verduidelik die betekenis daarvan. (2)

3.3 Waarom het die vader min tyd om met sy mongoolkind deur te bring en om watter rede is hierdie dag dan ideaal vir hulle samesyn? (2)

3.4 Hierdie vader is lief vir sy kind, maar het ook 'n besondere deernis (jammerte) vir hom. Waarom het die vader soveel deernis met die kind? (1)

3.5 In r.3 verwys die vader na die **stomme wêreld**. Stomme kry hier min of meer dieselfde betekeniswaarde as arme, bejammerenswaardige, onnosele of domme.

3.5.1 Verwys die vader hier werklik na die hele wêreld? Motiveer jou siening en gebruik die skuinsgedrukte woorde in die titelonderskrif as leidraad. (2)

3.5.2 In watter opsig is die wêreld vir die vader arm, bejammerenswaardig, onnosel en dom? (1)

3.6 Vir baie letterkundiges is hierdie gedig 'n voorbeeld van 'n huwelik (troue) van teenstrydighede, byvoorbeeld dat die vader sy vertraagde kind koester, dat dit in dié geval die vader en nie die moeder is nie wat die kind vertroetel en dat die kwyl (r.9) vir die vader soos **heuningdruppelsdou** (r.10) lyk. Skryf nou 'n <u>versreël</u> tussen r.1 – 6 neer wat hierdie onvanpaste (teenstrydige) samevoegings bevestig. (1)

3.7 R.9 en r.15 is tipografies albei opvallend kort. Watter inhoudelike verband is daar tussen hierdie twee reëls? (1)

3.8 'n Gebed begin gewoonlik met 'n lofprysing aan God. Daarna eers rig die biddende persoon hom met sy behoeftes en versugtinge spesifiek tot God.

3.8.1 In watter versreël begin die gebed? (1)

3.8.2 Wat bedoel die biddende vader as hy verwys na God as iemand wat **ook** oor wurms (r.19) waghou? (1)

3.9 Watter klank word dwarsdeur die gedig herhaal en wat bereik die digter daarmee? (2)

**[15]**

**OF**

**VRAAG 4**

Lees die onderstaande gedig ***Karoo-dorp: Someraand*** noukeurig deur en beantwoord die daarop volgende vrae.

***Karoo-dorp: Someraand***

Die laat-middag het room geword
en treine wat ver fluit
en 'n wit-bont klaas-skáwagter
wat wag-hou op 'n kluit

en rook uit die lokasie rook
en by die dorpsdam sing
en mense in tennisbroekies loop
die koper skemer in

dóér op die nasionale pad
loop motortjies onhoorbaar, hoog;
Oum-Appie-Slagkraal se ou fiets
kom staan, vanself, moeg, voor die oog:

Tant'-Tolie-met-die-kanker kom
sit op die bordienghuis se stoep:
vanaand gaan hoor ons nog hoe sy
Die Here en die uile roep.

**N.P. van Wyk Louw**
**Uit: *Tristia* – Perskor**

4.1 In strofe 1 is daar twee sintuie wat prominent is. Watter TWEE sintuie is dit? (2)

4.2 Die spreker vertel deurgaans in die derde persoon. Tog raak hy in die slotstrofe betrokke as eerstepersoonspreker met **ons** (r.15). Na wie presies verwys die **ons** in r.15? (1)

4.3 Reël 13 –14 skakel sonder enige leestekengebruik met mekaar. Wat is die funksie van hierdie enjambement (skakeling sonder leestekens)? (2)

4.4 Watter betekenisimplikasie het dit dat tante Tolie in 'n **bordienghuis** (r.14) woon? (1)

4.5 Waarvan is die uil (r.16) tradisioneel 'n simbool? (1)

4.6 Watter woord in die slotstrofe kan klanknabootsend geïnterpreteer word? (1)

4.7 Skryf 'n woord uit r.1 en 'n woord uit r.15 neer wat tyd aandui. (2)

4.8 Wat is ongewoon (ongrammatikaal) in r.5? (1)

4.9 Die Here en die uile (r.16) kan as teenstelling beskou word. Verduidelik hierdie teenstelling. (2)

4.10 Watter klank in strofe 1 suggereer die fluitgeluid van die treine in die agtergrond? (1)

4.11 Wat is die **wit-bont klaas-skáwagter** in r.3? (1)

**[15]**

**OF**

## VRAAG 5

Lees die onderstaande gedig ***Ballade vir die onwaarskynlike seun*** noukeurig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

***Ballade vir die onwaarskynlike seun***

as ek eendag 'n seun het
sal ek hom ronsard noem
omdat die naam alreeds 'n groot blonde man vermoed
'n man met die ruimte van twee stede in sy ligte oë
met die teerheid van dae wat grysrooi oor die vlakte breek
'n man met hande wat my gesig omskulp
saans as hy kom groet

as ek eendag 'n seun het
sal ek hom ronsard noem
want ronsard suggereer alreeds sy bruin lag
soos van feeste op tropiese eilande
sy blonde baard
en die sekerheid van sy rug
wat dag na dag die son oor die aarde abba

as ek eendag 'n seun het
sal ek hom ronsard noem
en sy naam skryf saans as die voëls watertrek
en ek alleen in die skemer sit
wagtend dat sy gestalte my deurkosyne vul.

**Antjie Krog**
**Uit: *Januarie-suite:* Human & Rousseau**

5.1 Ballades word onder andere gekenmerk deur refreine. Wat is die refrein in hierdie gedig? (1)

5.2 Watter versugting koester die spreker in hierdie gedig? (1)

5.3 Die ou volksballades het dikwels een of ander held vereer.

5.3.1 Wie is die held in hierdie gedig? (1)
5.3.2 Wat in strofe 2 verhef die persoon wat jy in 5.3.1. genoem het tot 'n held? (1)

5.4 Die verbeelde seun wat in hierdie gedig ter sprake is, bied veral beskerming. Motiveer baie kortliks uit strofe 1 en uit strofe 2 dat die seun 'n bron van beskerming vir die spreker word. (2)

5.5 Kleure wat deurgaans in die gedig voorkom, bind die teks as eenheid saam. Watter drie kleure is in dié verband van belang? (1)

5.6 Lees weer r.7. Is die persoon wat saans kom groet die spreker se seun of minnaar? Motiveer jou antwoord. (2)

5.7 Sinestesie is 'n stylmiddel waar 'n bepaalde sintuiglike prikkel ongewoon deur 'n ánder sintuig waargeneem word. Skryf TWEE opeenvolgende woorde uit strofe 2 neer wat op sinestesie dui. (1)

5.8 Volgens sommige letterkundiges is die Ronsard in hierdie gedig 'n verpersoonliking van die digterlike inspirasie omdat dit moontlik heenwys na die 16de-eeuse Franse liriese digter, Pierre de Ronsard. Watter woord in die slotstrofe sinspeel op die spreker se digterskap? (1)

5.9 Wat is die funksie van die uitstulpende tipografie in r.14? (2)

5.10 Waarom bevind die spreker (as digter) haar alleen in die skemer (r.18)? (1)

5.11 Waarop sinspeel die voëls wat **watertrek** (r.17)? (1)
**[15]**

**OF**

## VRAAG 6

Lees die onderstaande gedig ***Lied van die kinders*** noukeurig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

***Lied van die kinders***

"Laat die kindertjies na My toe kom"
Die Joodse seuntjie
wat sy armpies in die lug steek
voor die SS,
sy oë wyd gerek,
op sy mou die groot, geel Dawidster.

"Laat die kindertjies na my toe kom"
Die Viëtnamese dogtertjie
oumens-krom aan haar stok geklem
op die slagveld heen en weer
terwyl oor haar bors
'n kruisie hang.

"Laat die kindertjies na My toe kom"
Die klein vergete ler
op 'n sypaadjie in Belfast
tussen die bloed en bomme
wat opnuut sy land vrymaak.

Laat die kindertjies van Israel na My kom,
gevang in die kruisvuur by Ma'alot –
bang hasies in 'n bos wat brand.
Laat hulle kom, die gevreesde koningskinders van my volk
wat die Romeine doodgesteek het
toe in 'n stal se stank van mis en bloed,
ek self die Kind van Betlehem was.

Verhinder hulle nie
Herodes
dissipels
soldate
grootmense

Hulle hoort in my koninkryk:
hulle weet van wonde
sonder om te twyfel of te vra.

Laat hulle kom
kinders van Dachau
kinders van Korea
kinders van Saigon

Ek sal hul teen my sy vasdruk
en my hande op hul lê.

**Lina Spies**
**Uit: *Dagreis*: Human en Rosseau**

6.1 Kyk weer na die gedigtitel, ***Lied van die kinders***. Die titel sou eweneens ***Lied oor die kinders***, of ***Lied deur die kinders*** kon wees. Kies nou die korrekte alternatiewe titel vir die gedig (een van die genoemde twee dus) en skryf dit neer. (1)

6.2 Wat is die funksie van die herhaling in r.1, 7, 13 en 18 met spesifieke verwysing na die gedig se titel? (1)

6.3 In watter opsig stem r.2 ooreen met r.21? (1)

6.4 Die poësie werk dikwels met dubbelbetekenisse of dubbelsinnighede. Verduidelik waarom die volgende deel dubbelsinnig is: **die gevreesde koningskinders van my volk/wat die Romeine doodgesteek het**"(r.21 – 22). (2)

6.5 Waarin lê die kontras tussen r.14 en r.30? (2)

6.6 In Maart 2003 is baie kinders tydens die oorlog in Irak dood of vermink. Ons lees daagliks hoe kinders slagoffers is van seksuele wanpraktyke. Watter een van die genoemde twee onregte teen kinders is vir jou die ergste? Motiveer jou antwoord deeglik. (2)

6.7 In r.25 – 29 stel die digter progressie (ontwikkeling) visueel voor. Hoe kan jy dit uiterlik raaksien? (1)

6.8 Watter woord in r.28 – 32 sinspeel op die ongelowige Thomas wat Jesus se opstanding uit die dood bevraagteken het? (1)

6.9 Lees weer strofe 2. Op grond waarvan word die dogtertjie hier 'n weerlose slagoffer op 'n oorlogsveld? (1)

6.10 Wat is die funksie van die dubbelpunt in r.30? (2)

6.11 Wat is die funksie van die verkleinwoorde in byvoorbeeld seuntjie (r.2), armpies (r.3), kindertjies (r.7) en dogtertjie (r.8)? (1)
**[15]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

## AFDELING B
## DRAMA

*Die Keiser* – **Bartho Smit**

- In hierdie afdeling moet jy Vraag 7 (kontekstuele vrae) of Vraag 8 (paragraaftipe vrae) beantwoord.
- Indien jy in hierdie afdeling die kontekstuele vrae beantwoord, **móét** jy die paragraaftipe vrae in Afdeling C (Prosa) beantwoord.
- Hierdie afdeling tel 30 punte.

### VRAAG 7

Bestudeer die volgende teksgedeelte uit die drama en beantwoord daarna die vrae daaroor.

KULTUUR: Klink na 'n knap kêrel. Jy moet hom aan jóú kant probeer kry.
MAARSKALK: Ek sal my nie verbaas as hy die meeste van my soldate al klaar aan sý kant het nie. Ons skiet elke dag tonne ammunisie op hulle af – maar daar's nooit 'n gewonde of 'n dooie nie. Dis 'n magmerrie. Ek is seker daarvan hy't al selfs in hierdie hof sy luitenante ...
KULTUUR: Nee, dan wag daar beslis werk vir jou.
Die mense is honger, u Edele, en hulle loop in vodde – terwyl óns fortuine spandeer ...
KULTUUR: Maarskalk! Probeer jy insinueer dat ek nie my opdragte uitvoer nie?
MAARSKALK: Ek probeer niks insinueer nie, u Edele; maar ...
KULTUUR: Weet jy wat dit kós om die beskaafdste land ter wêreld te wees? Om hierdie Hof te voed en te klee en jou en jou leër in stand te hou?
MAARSKALK: As u liewer vir die mense kos en klere gee, sal 'n leër dalk nie nodig wees nie.
KULTUUR: Nonsens. En Sy Majesteit se halfeeufees? En al die luukse geboue en monumente en standbeelde vir die fees? Weet jy wat dit alles kós?
MAARSKALK: Ek weet, u Edele; maar ...
KULTUUR: Nee, jy weet nie. Daar buite tussen die bosse staan die Paleisstad. Kom, laat ek jou wys.
MAARSKALK: Ek kén hom.
KULTUUR: Kóm! (*Hy neem die Maarskalk na die venster. Diplomaat volg hulle.*) Pragtig, pragtig ... Waar kry jy nog so iets in die wêreld? 'n Replika van die paleis of woning van elke vors of staatshoof wat Sy Majesteit se fees kom bywoon.
DIPLOMAAT: Wat 'n briljante idee, u Edele. 'n Manjifieke idee.
KULTUUR: Maar dit het nie uit die hemel uit geval nie . En dan is daar nog die vorste uit die Ooste, wie se paleise van goud gebou is ...
DIPLOMAAT: En die replikas daar is óók van goud?
KULTUUR: Natuurlik. Hoe anders?
DIPLOMAAT: Fantasties.
KULTUUR: En dis nie al nie. (*Hy loop na die trone, gevolg deur die ander twee*). Hierdie trone is albei soliede goud – elke sentimeter daarvan. Die motiewe, soos julle kan sien, is verteenwoordigend van Ekwator: Ons voëls; ons blomme; ons diere ...
(*Terwyl hulle om die trone stap, beweeg die Hofnar op sy hurke voor hulle uit en sorg dat die trone tussen hom en hulle bly.*)
DIPLOMAAT: En alles van juwele en edelgesteentes?

KULTUUR: Alles juwele en edelgesteentes. Om presies te wees: Twee-en-twintigduisend-sewehonderd-drie-en-dertig juwele en edelgesteentes.
DIPLOMAAT: Fantasties.
KULTUUR: (*wys verder*): Die leeu; die tier ...
MAARSKALK: (*ontsteld*): U Edele!
KULTUUR: Wat's dit nou, Maarskalk?
MAARSKALK: Die Tier! Kyk!
KULTUUR: Wat van die tier?
MAARSKALK: Hy's gróén!
DIPLOMAAT: Jou werklik.
MAARSKALK: Die Groen Tier!
KULTUUR: Nonsens. Dis blote toeval.
MAARSKALK: As dít toeval is ...
KULTUUR: Kom, Maarskalk, jy laat jou senuwees met jou op loop sit. Dis 'n stukkie inlegwerk van smarag – dis ál wat dit is.
DIPLOMAAT: Dis manjifiek. Wie was die kunstenaars?

7.1 Wie is hierdie knap kêrel na wie Kultuur in r.1 verwys? (1)

7.2 Waarmee (r.2 – 5) vergelyk Maarskalk sy stryd teen die persoon wat jy in vraag 1 genoem het? (1)

7.3 Na wie in die kabinet verwys Maarskalk onwetend volgens sy woorde in r.4 – 5: "Ek is seker daarvan hy't al selfs in hierdie hof sy luitenante. . ." (1)

7.4 Wat is die funksie van die ellips (. . . ) in r.8? (2)

7.5 Wat is die hoofrede vir Kultuur se heftige reaksie in r.9? (1)

7.6 Wat sê Maarskalk op indirekte wyse in r.13 vir Kultuur? (1)

7.7 Watter TWEE dinge waarop Kultuur in r.11 – 17 sinspeel, put die staatsfondse uit? (2)

7.8
7.8.1 Skryf die idiomatiese uitdrukking in r.23 – 26 neer. (1)
7.8.2 Wat beteken hierdie idioom? (1)
7.8.3 Watter belangrike idioom oor klere sal 'n gepaste leuse vir elke skoolkind in Ekwator wees? (1)

7.9 Wie het volgens die drama die goue trone laat installeer? (1)

7.10 In hierdie drama bestaan deurgaans 'n binneruimte (die verhoog) en 'n buiteruimte. Watter buiteruimte is in r.16 – 32 ter sprake? (1)

7.11 In r.21 word die woord replika gebruik. Waarvan of van wie word die Keiser 'n replika? (1)

7.12 In r.30 staan: "elke sentimeter daarvan". Wie het verwys na die Keiser as: "Elke dúim 'n keiser. . . "? (1)

7.13 Hoeveel dramakarakters is in die aangehaalde fragment op die verhoog? (1)

7.14 Dit is opvallend dat slegs Diplomaat hier positief oor die Paleisstad en die goue trone reageer. Vergelyk bv. die opmerkings soos: "'n Manjifieke idee" (r.23); "fantasties"(r.28) en "fantasties" (r.38). Waarom is hy so ingenome daarmee? (1)

7.15 Met watter woorde van Diplomaat probeer hy die aandag van die Groen Tier weglei? (2)

7.16 In r.4 – 5 wonder Maarskalk of die terroris nie al luitenante in die keiserlike hof het nie. Wat in hierdie aangehaalde fragment sinspeel wéér daarop? (1)

7.17 Watter emosie van Maarskalk word deur die uitroepteken in r.42 beklemtoon? (1)

7.18 Watter funksie het die aandagstreep in r.3? (1)

7.19 In r.1 – 5 is daar 'n voorbeeld van 'n hiperbool (oordrywing). Dui dit aan. (1)

7.20 7.20.1 In r.6 sê Kultuur vir Maarskalk dat daar werk op hom wag. Wat behels hierdie werk? (1)

7.20.2 Waarom is Kultuur se woorde (r.6) ironies? (1)

7.21 Watter funksie het die herhaling van **en** in r.12? (2)

7.22 In watter opsig kontrasteer r. 16 en 17 met mekaar? (2)
**[30]**

**OF**

## VRAAG 8

8.1




Uit: *Motor-Beeld*, 28 April 2005, p.11

Die leuen is 'n sentrale tema in *Die Keiser*. Soos in bostaande strokiesprent uitgebeeld, is die leuen 'n universele verskynsel omdat alle mense hulle aan leuens skuldig maak. Skryf 'n opstel van 300 – 400 woorde oor die leuen in *Die Keiser* en konsentreer op die volgende hoofpunte:

- Die ministers is leuenaars
- Die Wewers is leuenaars
- Die Keiser jok vir ander én vir homself
- Die Keiser kom tydens sy nagtelike gesprek met Hofnar tot 'n besondere insig oor die leuen; wat behels dit?
- Dink jy dit is die moeite werd om leuens te vertel? Motiveer jou standpunt aan die hand van die drama-inhoud. (20)

**EN**

8.2 Onderstaande strokiesprent handel oor klere wat brand, heel moontlik as gevolg van iemand se agtelosigheid. Klere speel eweneens 'n belangrike rol in die drama, *Die Keiser.* Skryf 'n deeglik beplande opstel in weldeurdagte paragrawe van ongeveer 180 – 200 woorde waarin jy die volgende aspekte van **klere** bespreek:

- Dui aan watter spreekwoord oor klere in die drama 'n sleutelrol speel en wie se idee dit was om dié idioom tot slagspreuk te verhef. Sê kortliks wat die idioom beteken.
- Met die lees van die drama kry klere mettertyd 'n simboliese waarde. Dui aan waarvan klere 'n simbool word en sê vir watter karakters klere baie belangrik is.
- Verduidelik baie kortliks watter simboliese waarde die teenoorgestelde van klere, nl. kaalheid in die drama kry.
- Glo jy dat genoemde idioom in die werklike lewe geldig / waar is? Motiveer jou standpunt teen die agtergrond van jou eie lewenservaring asook aan die hand van die drama self.




Uit: *Beeld-Plus*, 6 Mei 2005, p.11 (10)

**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [30]**

## AFDELING C
## PROSA

- In hierdie afdeling moet jy EEN vraag beantwoord.
- Indien jy in Afdeling B die kontekstuele vrae beantwoord het, **móét** jy hierdie paragraaftipe vrae beantwoord of andersom.
- Beantwoord slegs die vraag oor die roman wat jy vanjaar behandel het.
- Hierdie afdeling tel 30 punte.

### KONTEKSTUELE VRAE

### VRAAG 9

***Kringe in 'n bos* – Dalene Matthee**

Bestudeer die volgende teksfragmente uit die roman en beantwoord die daaropvolgende vrae.

"Jaag Pa my weg?"

"As jy dit so wil sien, is dit reg. Ek wil nie 'n man in my span hê wat heeldag en aldag geslyp moet word en stoets bly nie. As 'n byl nie wil kap nie en hy wil hom ook nie laat slyp nie, moet jy hom eenkant sit."

Agter Jozef, in die gloed van die vuur, het oom Anneries skielik gestaan soos een wat die aarde nie lekker raaktrap nie. Onder sy een arm was die bottel Cape Smoke egter stewig vasgeklem.

"Julle staat soos mense wat vir moeilikheid staat en julle weet nie eers lat Oupoot my hier anderkant amper getrap het nie!"

In die nanag sluimer hy van moegheid in. Maar 'n deel van hom moet bly waak het, want die geluid wat hom wakker maak, wik 'n oomblik tussen droom en werklikheid voordat hy regop ruk. Dit was nie 'n tak se breek of 'n bosbok se blaf nie, probeer hy die geluid terugroep. Dan is dit weer daar en elke spier in sy liggaam is onmiddellik wakker en gereed. Daar is net een geluid wat só klink: die dowwe, borrelende gerammel van die reuse-binnegoed van 'n olifant. 'n Gerammel wat hulle na willekeur kan stilmaak as hulle nie gehoor wil word nie ... Êrens in die donker ruigtes onder hom is 'n olifant wat doodstil staan, want die geluid bly op dieselfde plek. As die paddas en die krieke net 'n oomblik wil stilbly sodat hy presies kan vasstel wáár die olifant is, of daar meer as een is!

Dan is die gerammel skielik stil ... Het die olifant wegbeweeg of het hy iets gehoor? Nee, dan sou die paddas stil geword het. Is dit dalk Oupoot? Dit kan selfs 'n trop wees. As hulle nie vreet nie, sal hulle onder die kwar vergader en hy sal dit nie weet nie. Die mensreuk wat hy vroegaand onder aan die kwar agtergelaat het, sal teen dié tyd deur die luggie afgevee wees. Sy skoene! Daaraan sal die mensreuk kleef soos aan die geweer . . .

9.1 Gee TWEE redes waarom daar 'n wit spasie tussen r.12 en 13 is. (2)

9.2 Verduidelik wat die funksie van die dubbelpunt in r.19 is. (2)

9.3 Gee 'n voorbeeld van personifikasie uit r.31 – 32. (1)

9.4 Waar is Saul se skoene en geweer op die oomblik? (1)

9.5 In watter toestand is oom Anneries in r.6 – 9? Sê waaruit jy dit kan aflei. (2)

9.6 Wat presies het aanleiding gegee tot Saul se woorde in r.1? (1)

9.7 Waarmee vergelyk Joram vir Saul in r.3 – 5? (1)

9.8 Wat is die funksie van die twee vrae in r.26 – 28? (1)

**EN**

Die *Venice* was onder teen die kaai vasgemeer. Op MacDonald se werf was twee waens besig om af te laai; 'n derde een was leeg en het vir die skuldboek gestaan en wag. Dit het vreemd gevoel om verby te loop: dit was of die Saul wat nou die dag nog houtslaaf was en die Saul wat met die bondeltjie goud in sy sak verbygeloop het, twee verskillende mense is. Dit kon hom skielik nie traak of hy hom in MacDonald of Pearston of Jones vasloop nie. Hy sou bo-oor hulle trap!

Barkley het opgekyk toe hy binnekom, afgekyk en weer voortgegaan om iets in 'n vysel te stamp.

"Middag, meneer."

"Wat wil jy hê?" Hy het nie opgekyk nie.

"Koop u goud?"

Net sy oë het opgekom en oor sy bril kom loer. "Wat sê jy?"

"Koop u goud?"

"Miskien ... Maar is jy dan nie een van mister MacDonald se handlangers nie?" Hy was agterdogtig.

"Nee. Ek wou geweet het of u goud koop."

"Wat jy waar kry?"

"Ek het nie gesê ek het goud nie."

"Moenie my tyd mors nie!"

Een van die Stewarts se huisslawe het agter hom by die deur ingekom en 'n briefie vir Barkley gegee. Saul het eenkant gewag terwyl hy die fyn wit poeier op 'n skaaltjie afweeg, in 'n flessie gooi en dit vir die slaaf gee.

Barkley het weer oor sy bril geloer. Is jy seker jy werk nie vir mister MacDonald nie?"

9.9 Saul voel soos twee verskillende mense. Watter twee mense is dit? (2)

9.10 In r.51 antwoord Saul "Nee". Het hy die waarheid gepraat? Antwoord net ja of nee. (1)

9.11 Lees Barkley se vraag in r.52. Wat suggereer hy met sy vraag? Begin jou antwoord met: "Dat . . . " (1)

9.12 Hoeveel het Barkley Saul vir die goud betaal? (1)

9.13 Vir wie het Saul hierna 'n blou oog gegee en om watter rede het hy dit gedoen? (2)

**EN**

> Dit was 'n Sondag toe Kate nie kon kom nie en hy later die dorp skuil-skuil gaan verken het. Hy het dit tevore ook gedoen en alles wat hy gesien het in hom laat inkerf. Hy het die klipgebou 'n vorige keer opgemerk en Kate daarna gevra. Dis 'n plek waar 'n mens boeke leen, het sy hom vertel.
>
> Die deur het oopgestaan. Hy het die kennisgewingbord versigtig gelees: *Open every day including Sundays.* 9 a.m. – 10 p.m. Die plek is dus heeldag oop. Twee deftige vroue het by die deur uitgekom, hul kantsambrele oopgemaak en die trap fyntjies afgeklim. Agter hulle het 'n man ook uitgekom en saam met hulle die Sondagmiddagstilte ingeloop. Hy het gewag totdat hulle goed weg is voordat hy dit gewaag het . . .
>
> Dit was skemer in die lang vertrek; die reuk van leer en boeke en hout was in die lug en rondom teen die mure het die boeke op hoë rakke in rye gestaan. Nie baie boeke nie, hy het gedink die plek sou voller wees. Dit was grafstil.

9.14 Skryf 'n woord uit r.61 – 68 neer wat Saul se versigtigheid uitbeeld. (1)

9.15 Voltooi die sin in r.71 – 72. (2)

9.16 Lees r.73 – 76. Skryf twee woorde neer wat hierdie toneel onheilspellend maak en moontlik 'n voorspel tot die tragiese gebeure daar was. (2)

9.17 Wie was Saul se biblioteek? (1)

9.18 "Die deur het oopgestaan". (r.66). Waartoe is Saul as gevolg van bogenoemde aanhaling aangespoor? (1)

9.19 Presies hoe lank het Saul vir MacDonald gewerk? (1)

9.20 Wat het die bibliotekaris met Saul gedoen en wat was die hoofrede daarvoor? (2)

9.21
- 9.21.1 Het jy simpatie met dit wat Saul in die biblioteek oorgekom het? (1)
- 9.21.2 Motiveer jou antwoord. (1)

**[30]**

## VRAAG 10

***By Fakkellig* – Karel Schoeman**

Bestudeer die volgende teksfragmente uit die roman en beantwoord die vrae:

> "Sy is Ierland," sê Liam saggies; "kyk na haar, David. Hier sien jy ons volk, ons land, nou voor jou oë, 'n enkele ou vrou sonder besittings, sonder grond, sonder naam selfs, wat ronddool langs die paaie."
>
> Hy kyk na die ou hande waar die blou are uitstaan, en onthou haar hare teen sy lippe toe hy in haar oor gepraat het. Met effense verbasing ontdek hy in homself 'n gevoel van teerheid byna teenoor haar, iets wat voortspruit uit die herinnering van daardie middag toe hy voor die vuur gestaan het met sy arm om haar heen om haar te stut.
>
> Geleidelik, geluidloos glip sy van hulle weg, roerloos in die bed. Haar koors gaan oor, en die koue van die winter neem toe. By Ard na Croise is daar nie genoeg dekens nie.
>
> "Ek sal dekens bring van die huis," bied David aan.
>
> "Sir Arthur se dekens?" vra Liam. "Laat ons liewer van sy besittings afbly voordat daar moeilikheid kom."
>
> "Vat dan my mantel," sê hy uiteindelik.
>
> "Man, hou jou mantel!" roep Séamas. "Ek kan wel sorg," maar Liam val hom in die rede. "Laat hy sy mantel gee as hy wil," sê hy stil, en toe skaam Séamas hom oor sy humeurigheid, en hulle sprei David se swaar wolmantel uit oor haar bed.

10.1 Wie is die **sy** (r.1)? (1)

10.2 Waarvan word die **sy** (r.1) metafoor? (1)

10.3 Skryf EEN woord uit r.1 – 4 neer wat die **sy** as swerwer uitbeeld. (1)

10.4 Gee TWEE belangrike kenmerke van die Ierse volk soos dit uit r.1 – 4 afgelei kan word. (2)

10.5 In r.17 sê Séamas: "Ek kan wel sorg," maar. . . Watter karaktereienskap van Séamas word in hierdie woorde van hom weerspieël? (1)

10.6 In r.2 – 3 gebruik die skrywer 'n <u>stylfiguur</u> waarmee hy iets beklemtoon.

- 10.6.1 Benoem hierdie stylfiguur. (1)
- 10.6.2 Wat word deur hierdie stylfiguur beklemtoon? (1)

10.7 Gee TWEE redes waarom daar te min dekens by Ard na Croise is (r.11 – 12). (2)

10.8 Om watter rede is Séamas humeurig teenoor David (r.19)? (1)

10.9 Hoe beklemtoon die skrywer die kouer wordende weer in r.11? (1)

10.10 Karel Schoeman se prosa het poëtiese kenmerke. Bewys hierdie stelling aan die hand van r.10. Dui ook aan watter funksie / effek hierdie digterlike tegniek het. (2)

**EN**

> By Séamas Bán is daar mense oor die vloer, maar die opgewondenheid is gedemp. "Hulle het die priester by haar" vertel Brídín hom.
>
> "Hy't haar kom bereg."
>
> David bly in die kombuis by die vuur, en ná 'n tyd kom die priester uit die kamer en staan by hom om sy hande warm te maak, maar hy kyk David nie eers aan nie, en ná 'n rukkie vertrek hy weer. Toe kom Séamas en Liam by die kaggel sit en laat die vroue alleen in die sterfkamer, maar hulle praat nie.
>
> Dit is reeds laat toe die kneg van Donore die binnehof van die boerdery binnegekletter kom, en in die halfduister kan David nouliks sy gesig onderskei.
>
> "Kom hy?" roep hy.
>
> "Hy sê hy kan nie kom in hierdie weer nie; hy sê as die dooi gekom het en die paaie weer gangbaar is, sal hy kom kyk as hy in die buurt is."

10.11 Verduidelik: "Hy't haar kom bereg." (r.23). (1)

10.12 Om watter rede kyk die priester David nie eers aan nie (r.26)? (1)

10.13 Waarom praat Liam en Séamas nie met mekaar (r.28) nie? (1)

10.14 Is die dokter se verskoning (r.33 – 35) eg? (Antwoord net ja of nee). (1)

10.15 Motiveer jou siening in vraag 10.14 se antwoord. (1)

10.16 Waarop dui **dooi** (r.33)? (1)

10.17 David het die kneg met 'n brief na die dokter toe gestuur. Watter inligting moes hy liewer verswyg het sodat die dokter dit dalk sou oorweeg het om wel na die vrou te kom kyk? (1)

**EN**

> "Vertrou hulle my dan nie?"
>
> "O, jy moet nie aanstoot neem nie. Onthou dat ons jou maar net ken uit jou woorde, en woorde is goedkoop genoeg. Bes moontlik is jy opreg – God behoed my daarvan dat ek onkundig oordeel vel – maar ek kan dit nie weet nie. Dit is dade wat tel, net dade uiteindelik wat waarde besit, net pogings, misluk ofte nie, wat iets beteken. Ons het nog geen dade gesien waaraan ons jou kan oordeel nie."
>
> "Wat moet ek dan doen?"
>
> O Flionn lyk asof die vraag hom amuseer. "Ek bedoel darem nie dat jy meteens hooimiedens aan die brand moet steek of 'n belastinggaarder om die lewe bring nie, ten minste nie sommer blindelings nie, as't ware. Wat ek eintlik wil sê, is dat jy nog geen stand-

punt ingeneem het nie. Jy luister na Séamas en Liam se praatjies ja, maar soos jy na jou broer se praatjies oor die jag sou luister. Dit gaan by jou verby en jy laat dit maar verbystroom sonder om te aanvaar of weg te werp. Dink jy nie ons kan met reg van jou verwag dat jý ook 'n standpunt inneem nie, wat dit ook mag wees – dat jy sal toon wat jou eie oortuigings is?"

10.18 Watter gebeurtenis in die roman het daartoe aanleiding gegee dat David by die Iere betrokke begin raak het? (1)

10.19 Wie is die **hulle** waarna in r.36 verwys word? (2)

10.20 Volgens die priester is woorde goedkoop (r.38). Wat sou dan duur of kosbaar wees? (1)

10.21 Watter gebeurtenis het die deurslag gegee vir David om tot die daad oor te gaan? (1)

10.22 Waarom is dit gepas om David se aanhoor van Séamas en Liam se gesprekke in verband te bring met sy aanhoor van Arthur se jagpraatjies? (1)

10.23 Het David toe hy uiteindelik tot die daad oorgegaan het, dit uit innerlike oortuiging gedoen? Antwoord net ja of nee. (1)

10.24 Motiveer jou standpunt in vraag 10.23 se antwoord. (2)
**[30]**

## VRAAG 11

***Fiela se Kind* – Dalene Matthee**

Bestudeer die volgende teksfragmente uit die roman en beantwoord die vrae:

Sy het geloop tot dit donker was en sy móés gaan sit. Nie vir 'n oomblik, ooit, het sy die bosvrou gevrees nie. Nie vir 'n oomblik het sy verwag dat sy Benjamin só sou verloor nie. Dat haar hande só leeg sou huis toe gaan nie. Nie dít nie.

Sy het nie skuilte gesoek vir die nag nie. Sy het die sak met haar goed in onder haar kop gesit en met haar jas om haar gevou in die sagte dryfsand langs die bospad gaan lê.

Diep die ruigtes in het 'n tak geskeur. Nog een. Olifante? Haar verstand was te voos om vir vrees plek te maak. Êrens in die grote Bos het Benjamin gelê om te slaap. Waar? Here, waar? Wat gaan in sy hart om? Hoe moet hy verstaan? Jy bind 'n naelstring af voor jy hom knip. Here, jy ruk hom nie los nie! Benjamin was altyd die een wat onder by die pad loop staan het as sy net 'n bietjie lank by antie Maria of miss Baby gekuier het. Hy was die een wat nooit saam met die ander kinders droompraatjies gemaak het waar hulle eendag wou huis maak of gaan werk nie; hy was die een wat altyd gesê het: ek bly maar by Ma.

Haat het in haar opgeskiet teen die vrou sonder lyf of gesig wat hom ná nege jaar loop eien het. Houthakkersvrou, bosvrou, wit vrou. Het sý by hom gewaak toe die masels se koors nie wou breek nie? Het sy hom getroos as sy skuit weggedryf het of die muishond sy broeihen se eiers opgevreet het? Het sy hom sien lag, sien huil, uit sy klere sien groei?

Here, hoe is dit moontlik?

Sy het later van moegheid aan die slaap geraak. Teen die voordag, toe sy wakker word, het sy die dood in haar gevoel en geweet haar lyf sou sukkel om die huis te haal en dat sy elke kortpad sou moes vat om daar te kom.

Net voor die middag van die volgende dag het sy haar voete bo van die besemgoedkloof se kant af die laaste ent huis toe gesleep. Hulle was haar van die onderkant af te wagte. Selling het langs die huis gesit met sy oë onder in die kloof op die pad en met die vlegrieme slap tussen sy hande. Kittie het agter hom gestaan. Emma het met die lap-en-stopgoed gesit. In die volstruiskamp het Tollie met die doringtak wag gestaan terwyl Dawid die mis in die sinkemmer optel.

Selling het eerste omgekyk. Toe was hulle almal om haar. Selling met hande wat om en om inmekaar bly wring en woorde in sy mond wat nie kan uit nie.

"Ma, hoekom lyk Ma só?" het Dawid verskrik gevra. Iemand het die sak by haar gevat, iemand het die bankie nader gesleep sodat sy kon sit, iemand het die beker water in haar hande gesit, iemand het haar kopdoek afgehaal.

11.1 Waarom **móés** (r.1) Fiela gaan sit het? (1)

11.2 Fiela dra 'n sak volgens r.42, maar in r.4 word na haar leë hande verwys.

11.2.1 Word leë hande hier letterlik of figuurlik gebruik? (1)
11.2.2 Wat is die eintlike betekenisimplikasie van leë hande (r.4) hier? (1)

11.3 Om watter rede het Fiela nie skuilte vir die nag gesoek nie (r.5)? (Gee TWEE moontlike redes.) (2)

11.4 Waar het Fiela skuilte gekry die nag in Knysna voordat sy die dag met die konstabel by die hof gepraat het? (1)

11.5 In r. 9 –12 beeld die verteller Fiela se gedagtespraak uit:

11.5.1 Motiveer uit dié gedeelte dat Fiela 'n gelowige mens is. (1)
11.5.2 Skielik besef Fiela daar is 'n ruimtelike ooreenkoms tussen haar en Benjamin. Watter ruimte is hier ter sprake? (1)
11.5.3 Waarom is dit ironies dat juis Fiela hier die naelstring-motief gebruik? (1)
11.5.4 In r.11 word **hart** metafories gebruik. Waarvoor staan **hart** eintlik? (1)
11.5.5 Skryf EEN sin in r.9 – 12 neer wat daarop sinspeel dat 'n mens nie van iemand weggeneem moet word sonder om afskeid te neem nie. (1)

11.6 Motiveer uit r.13 – 18 waarom Fiela dit makliker sou aanvaar as Dawid of Tollie, en nie Benjamin nie, van haar weggeneem moes word. (1)

11.7 Ons leer Fiela nie as haatdraende mens ken nie. Tog haat sy die Bosvrou volgens r.19 – 20. Dink jy Fiela se haat is hier geregverdig? Antwoord net ja of nee. (1)

11.8 Motiveer jou standpunt in vraag 11.7 se antwoord. (1)

11.9 Waarop sinspeel **die vrou sonder lyf of gesig** (r.19)? (1)

11.10 Watter TWEE tegnieke gebruik die skrywer in r.21 – 24 om Fiela se bitterheid te beklemtoon? (2)

11.11 Lees r.30 – 34. Op watter wyse het Fiela die huismense verras? (2)

11.12 Watse mis het Dawid opgetel (r.37)? (1)

11.13 Gee TWEE bewyse uit r.42 – 44 dat die kinders vir Fiela omgee. (2)

**EN**

"Ek sal vir jou werk as jy my leer roei."

"Bly weg van die water af, houtkapper. Julle het gewone bloed in julle are; 'n man moet soutbloed hê voor die water jou vat. Ek weet." Kaliel het afgebuk en sy goed bymekaar begin maak. "My ma mog bruin wees, maar my pa was 'n volbloed Noor en seeman op die teehalers Foochow toe." Hy het dit trots en meerderwaardig gesê. "Hy was 'n seeman op die klipperskepe waar daar nie snags seile opgerol is nie en waar daar nie plek vir 'n bang man bo teen 'n mas was as hulle storm slaan nie. Dis die bloed wat in mý are loop. Bosbloed aard nie dieper as toonnat in seewater nie."

"Waar is jou pa nou?"

"Hoe moet ek weet? Seker dood. Kom jy saam?"

"Ja." Dit was beter as slaap in die bosse. Beter as niks. Toe hy agter Kaliel inval teen die kop uit, het hy presies geweet wat hy doen en dat hy met elke tree besig was om 'n vreemde koers in te slaan, maar hy sou hom met toe oë ook gevolg het.

11.14 Skryf 'n FRASE uit r.56 – 61 neer wat daarop sinspeel dat Lukas Kaliel instinkmatig naloop. (1)

11.15 Watter werk moes Lukas vir Kaliel doen? (3)

11.16 Watter ooreenkoms is daar volgens r.56 tussen Kaliel en Lukas? (1)

11.17 Verduidelik die volgende in jou eie woorde: **'n man moet soutbloed hê voor die water jou vat**. (r.47 – 48.) (2)

11.18 Wat is Kaliel se groot droom? (1)

**[30]**

## VRAAG 12

***Toorberg* – Etienne van Heerden**

Bestudeer die volgende teksfragmente uit die roman en beantwoord die vrae:

> Vir die reis bring die magistraat enkele stukke saam: twee tasse, 'n kleiner een met meer onmiddellike noodsaaklikhede en 'n groter een met 'n paar boeke en hofverslae oor sake wat hy vooraf gemeen het tersaaklik mag wees; ook 'n foto in 'n silwerraam, 'n aantekeningboek, 'n whiskyflessie, 'n doos sigare, 'n flessie salf vir sy stomp arm en 'n kamera vir in loco-inspeksies. Hy is 'n stil, deeglike man wat jare lank al in die howe van die agterdistrikte werk.
>
> Terwyl die magistraat in die skommelende treinkompartement sit en kyk hoe die veld verbyskuif, drink hy whisky.
>
> Hy is in in 'n padkamp gebore, in 'n tent by 'n veldvuur. Só het sy ma vertel. In die nag, terwyl sy pa en 'n span werkers die dinamietladings in die rotsskeure van die koppie waardeur die nuwe treinspoor moes loop, geplant het. Toe die dolomiet knars en breek en die aarde skeur, het hy gekom.
>
> Sy pa se lyk is nooit gevind nie. Net die ring aan die hand waarmee die magistraat nou sy whiskyglas optel, is dae later gekry, sonder 'n skrapie of 'n bloedspoortjie, net met 'n droë vingerbeentjie lossies binne-in. Die ring het naby 'n rooimiernes beland en die miere het die beentjie skoongevreet. Die beentjie alleen kon hulle nie begrawe nie en tot die dag van haar dood het sy ma die vingerbeentjie in haar voorskootsak gedra en wanneer sy bekommerd was, altyd haar hand daarop gelê. Toe sy sterf, het die magistraat dit saam met haar laat begrawe en kon hy ook die naam van sy vader op die grafsteen aanbring.
>
> Voordat hy op die trein geklim het, het hy sy werk deeglik gedoen. Alles te wete gekom van Toorberg se jaloerse aarde. Dit is 'n plaas met bogrond tot op die rotstafel eenhonderd voet ondertoe – só het die boormanne glo vertel. As hulle proewe trek met die holpunt, kom die suiwerste swart aarde uit tot op negentig voet. Dan eers die gruisklippers en uiteindelik, op honderd voet die harde kors wat ondeurdringbaar oor die geheimenisse daaronder lê.

12.1 Wat is die magistraat se naam en van? (2)

12.2 Watter foto (r.4), dink jy, bring die magistraat saam? (1)

12.3 Verduidelik waarom 'n mens kan aanvaar dat die magistraat se moeder bygelowig was (r.20 – 21). (2)

12.4 Waarom het die magistraat sy vader se naam eers na sy moeder se dood en begrafnis op die grafsteen aangebring? (1)

12.5 Wie het aan Toorberg sy naam gegee en om watter rede is dit Toorberg genoem? (2)

12.6 Lees weer r.5 en 6.

12.6.1 Noem TWEE gewoontes van die magistraat. (2)
12.6.2 Watter gebrek het hy en hoe lank sukkel hy al daarmee? (2)

12.7 Skryf TWEE opeenvolgende woorde in r. 6 neer wat bevestig dat die magistraat 'n ervare man in sy werk is. (2)

**EN**

Hulle het 'n derde koppie gedrink.

"U steek u bekommernis baie goed weg," het hy naderhand stil aan haar gesê. Die bediendes het ingekom en om hulle afgedek. Ella het gewag tot die tafel skoon was voordat sy geantwoord het.

"Abel sal terugkom," het sy gesê, "As hy wil."

Hy het geknik.

"Buitendien," het sy voortgegaan, "daar's 'n ou familiegesegde: die Moolmans kom altyd na Toorberg terug, al is dit in die dood. Weg kan hulle nie."

"U moenie in terme van die dood dink nie," het hy gekeer.

O, nee. Moenie u bekommer nie. Dit is net 'n spreuk." Hy het by die venster uitgekyk.

Later het sy gevra of hy haar sal volg na die agterstoep, waar hulle in die skaduwee gaan sit het en kon hoor hoe DwarsAbel se bakkie by die skure stilhou en later weer met wiele wat skop in die gruis, vertrek.

"Ek het u nog nie gevra nie," het hy gesê terwyl hulle lomerig in die middagkoelte sit: "Wanneer laas het u u man gesien?"

12.8 Wat word met r.30 bedoel: "Hulle het 'n derde koppie gedrink"? (2)

12.9 Waarom het Ella eers nadat die tafel skoon is, geantwoord? (1)

12.10 Wie is volgens r.31 bekommerd? (1)

12.11 Waaroor bekommer die persoon wat jy in Vraag 12.10 se antwoord genoem het, hom /haar? (1)

12.12 Verduidelik wat die funksie van die dubbelpunt in r.44 is. (2)

12.13 In r.31 is daar 'n voorbeeld van 'n paradoks (skynbare teenstrydigheid). Verduidelik kortliks. (2)

12.14 Haal 'n frase uit r.30 – 32 aan wat daarop dui dat die twee betrokke persone reeds lank in mekaar se teenwoordigheid is. (1)

12.15 Om watter rede was Abel se "terugkeer" (r. 34) ironies? (1)

12.16 Die twee gespreksgenote het kort hierna 'n tipe liefdesverhouding gehad. Watter WOORD uit r.44 suggereer dat hulle verhouding reeds **nie** meer net op saaklike vlak bestaan nie? (1)

12.17 Het die magistraat die moordsaak aan die einde opgelos? Antwoord net ja of nee. (1)

12.18 Tot watter universele insig oor skuld kom die leser in hierdie roman? (1)

12.19 In watter opsig bly Abel getrou aan die spreuk of gesegde oor die Moolmans in r.37 – 38? (2)


**[30]**

## PARAGRAAFTIPE VRAE

## VRAAG 13

***Kringe in 'n Bos*** **– Dalene Matthee**

13.1




***Beeld*****, 21 Februarie 2005, p.14**

Die dood van die skrywer Dalene Matthee (Feb. 2005), soos in die bostaande prent simbolies voorgestel word, laat 'n groot leemte in die Afrikaanse letterkunde. Tog is dit so dat waardevolle letterkundige werke soos *Kringe in 'n Bos* tydloos vir sy lesers bly, omdat die werk altyd tot die mens bly spreek. Skryf 'n opstel van 300 – 400 woorde oor *Kringe in 'n Bos* as **tydlose** roman waarin jy aan die volgende aspekte aandag gee:

- Die vernietiging van die natuur met verwysing na die aandeel wat die volgende groepe daaraan het en onthou om te verduidelik dat die vernietiging van die natuur steeds vandag 'n probleem is:
  - Die houtkappers
  - Die houtkopers
  - Die delwers
- Minagting van die Afrikaanse taal. Gee voorbeelde en sê in watter gevaar Afrikaans tans verkeer.
- Die ongeletterdheidsprobleem. Verduidelik dat dit steeds in Suid-Afrika problematies is.

**(20)**

**EN**

13.2 Saul Barnard is die hoofkarakter in *Kringe in 'n Bos*. Talle mense met wie sy pad gekruis het, het sy lewe beïnvloed. Bespreek hierdie stelling in 'n kort opstel van 180 – 200 woorde en verwys kortliks na die volgende karakters se invloed op Saul se lewe:

- MacDonald
- Kate **(10)**

**[30]**

## VRAAG 14

***By Fakkellig* – Karel Schoeman**

14.1 "Vir hom het O Máille se dood slegs sin as 'n skeidslyn in sy lewe, 'n soort hiaat wat die onverstoorde gang van dinge skielik verdeel het in 'n vóór en ná." Skryf 'n goed beplande opstel van 300 – 400 woorde in geordende paragrawe waarin jy verduidelik watter skeidslyn O Máille se dood in David se lewe veroorsaak het. Gee veral aandag aan die volgende hoofpunte:

- David as buitestander op Donore vóór O Máille se dood
- David **ontdooi** as Alice op die toneel kom.
- Arthur en Alice se vertrek laat David weer eens alleen: per ongeluk pleeg hy 'n moord en raak by die Iere betrokke.
- Priester O Floinn plaas druk op David om betrokke te raak.
- David raak by die opstand betrokke. Sou jy sê dit hef sy buitestanderskap op of nie? Motiveer jou standpunt. **(20)**

**EN**

14.2 Net voordat Suid-Afrika in 1994 'n demokrasie geword het, is sekere mense in ons land as benadeeldes beskou. Die toestand in Ierland soos weerspieël in *By Fakkellig* vertoon ooreenstemmende kenmerke met die ou Suid-Afrika. Skryf 'n deeglik beplande opstel van 180 – 200 woorde met gestruktureerde paragrawe waarin jy dié standpunt bespreek en veral op die volgende hoofpunte fokus:

- Die oorgrote meerderheid van die bevolking word deur 'n minderheid onderdruk. Lig toe met voorbeelde van onderdrukking.
- Onderdrukking lei tot opstand, verwys veral na die ANC asook na persone soos Liam O Néill, Séamas Bán en priester O Floinn in ***By Fakkellig***.
- Is geweld noodwendig die beste oplossing volgens jou? Motiveer jou standpunt.

LW: Onthou om deurgaans in jou bespreking na soortgelyke probleme in Suid-Afrika te verwys. **(10)**

**[30]**

## VRAAG 15

***Fiela se Kind* – Dalene Matthee**

15.1 Willie Burger skryf soos volg in *Die Beeld* van 31 Mei 2003 op bladsy 6: "Happy Sindane, die wit seun wat in 'n township grootgeword het en wat nou na sy biologiese ouers op soek is, laat 'n mens onwillekeurig dink aan Dalene Matthee se tweede bosroman, *Fiela se Kind*. Happy Sindane is glo uit sy ouerhuis ontvoer toe hy ses jaar oud was en het in 'n ander huis grootgeword. Nou soek hy na sy biologiese ouers."

Uit hierdie koerantfragment is dit duidelik dat die soeke na identiteit 'n universele verskynsel is wat nie tot sekere tydperke en mense in die geskiedenis beperk is nie. Benjamin Komoetie is ook in 'n soeke na identiteit geworstel. Skryf 'n goed beplande opstel van 300 – 400 woorde in weldeurdagte paragrawe oor Benjamin se soeke na identiteit en konsentreer op die volgende hoofpunte in jou bespreking:

- By Fiela op Wolwekraal gaan dit met hom goed.
- Die sensusmanne saai die saadjie van twyfel oor Benjamin se identiteit.
- By Elias en Barta word hy opstandig.
- By Kaliel September vind hy aanklank.
- Nina bring hom tot insig oor sy identiteit. **(20)**

**EN**

15.2 Skryf 'n opstel van 180 – 200 woorde oor die menswees van Elias van Rooyen en belig dit aan die hand van die volgende aspekte:

- Die luiheid van Elias
- Elias is skelm (agteraf). Sy slinksheid met die olifante lei tot sy ondergang.
- Vir sy medemens en veral sy kinders voel Elias nie veel nie. **(10)**

**[30]**

**[30]**

## VRAAG 16

***Toorberg* – Etienne van Heerden**

16.1 Dit is slegs die magistraat se karakter wat werklik ontwikkel, omdat hy 'n sleutelrol in hierdie roman speel. Skryf 'n opstel van 300 – 400 woorde waarin jy na die magistraat se rol verwys en hoofsaaklik op die volgende hoofpunte fokus:

- Die magistraat se naam en van is ironies.
- Die magistraat se uiterlike voorkoms en geaardheid.
- Die doel van die magistraat se besoek aan Toorberg.
- Waarom is sy briewe aan sy vrou ironies en watter lig werp sy briewe op sy ondersoek?
- Eers is hy 'n buitestander en gaandeweg raak hy betrokke by die inwoners van Toorberg.
- Sê of jy met die magistraat kan identifiseer of nie. Motiveer jou antwoord. **(20)**

**EN**

16.2 Druppeltjie du Pisani is 'n unieke karakter in hierdie verhaal. Skryf 'n opstel van 180 – 200 woorde waarin jy aan die volgende aspekte aandag gee:

- Wie presies is Druppeltjie en wat is sy geaardheid?
- Hoe is hy presies dood en waarom kan sy dood as offer beskou word?
- Verduidelik hoe Abel se gesindheid gaandeweg teenoor Druppeltjie verander. **(10)**

**[30]**

**TOTAAL: 100**

**EINDE**